VADER,Seun en Gees

G. J. du Preez 072 1876 076

Wie moet ons aanbid?

Is daar 'n VADER in die hemel, saam met SY Seun, waarvan VADER se Gees die Krag binne-in die Seun is? Deur lering uit die Skrifte ken ons die drie identiteite, maar hoe moet ons bid en kommunikeer? Toe YAHUSHA ons kom besoek het, was dit dan VADER SY Seun? Is daar genoegsame bewyse dat jy daarin kan glo dat YAH een van die twee kan wees? Ons word verskillend geleer deur die geleerdes nl.: Dat die drie identiteite Een Wese is of dat die VADER en Seun Een Wese is, waarvan die Gees Hulle Krag is! Dit Lei tot kontroversiële vrae oor VADER, Seun en Gees. Hoe kan jy jou verbly in Hom / Hulle as jy nie bewyse het om te kan glo in "Hulle" bestaan nie. Almal soek na die waarheid om te kan glo in dit. Om nie te glo of te weier om te glo (*met bewyse*) is jy 'n Ateïs. Tog kyk die Ateïs saam met ander volke na dieselfde prentjie. Die uitverkore aan die anderkant besit "waarhede" wat nodig is om te kan sien en glo dat daar 'n VADER en 'n Seun is. Die bose wat glo in Ha satan met sy engele sidder in al die gedagtes Jak.2:19. Ons kan ook nou vra: Kan 'n mens bang of verblydend raak sonder om te sien? Gewoonlik as bonatuurlike dinge gebeur wakker dit daardie moontlikheid op dat daar wel iets in daardie realm is (*Ek dink dit moet sidderend wees vir die Ateïs*).

Om die Eenheid-begrip in afgesonder en geheel te sien kan ons kyk na iets soos: 12 wat een dosyn is, eensgesindheid in 'n groep mense, een beginsel, gelykheid in geloof wat eenstemmig is, samehangende, eenheidsband, eenheid-kenmerk en selfs eenstemmigheid.

Wat sê die Skrifte oor die kwessie.
*Joh. 11:52 En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van VADER tot 'n eenheid saam te voeg. Joh. 7:18 Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy (*Seun*) wat die eer soek van dié Een (*VADER*) wat Hom (*Seun*) gestuur het, Hy (*VADER*) is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom (*VADER*) nie. Joh. 10:16 Ek het nog ander skape (*10 stamme*) wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder. Joh. 10:30 Ek [Seun] en die VADER is een. Joh. 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek [Seun] kom na U* (VADER*) toe. Reine VADER, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. Joh. 17:21 dat almal een mag wees net soos U, VADER, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Joh. 17:22 En Ek het hulle die lofwaardigheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Joh. 17:23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.*

Kom ons kyk na stellings uit die Skrif sonder verwysings en dan met verwysings.
YAHUSHA as die Seun van VADER sê nooit (*Of êrens in die Skrif*):
{1} Dat Hy die VADER is {2} Dat Hy die volk die drie eenheid geleer het nie {3} Dat die Reine Gees aanbid of gekommunikeer moet word.

YAHUSHA as die Seun van VADER sê wel: {1} Dat Hy ‘n Dienskneg van VADER is {2} VADER GEES is {3} Ons VADER in gees moet aanbid {4} Goedheid behoort aan VADER {5} Hy ‘n Leerling van VADER is {6} Hy die Woord van VADER is {7} Hy die Boodskapper is van VADER {8} VADER groter is as Hy {9} Hy ‘n VADER het {10}VADER ken alles, maar Hy nie {11} Dat niemand ooit die VADER gesien het nie {12} Hoor Yashar’EL, VADER ons SKEPPER is een SKEPPER {13} My VADER jou VADER / My SKEPPER jou SKEPPER, ens.

Hoekom het YAHUSHA gereeld gebid tot VADER? Is dit nie omrede Hy niks gedoen het voordat Hy VADER geraadpleeg het nie? Word daar nie gesê: VADER het nie ‘n begin of einde nie? Tog het SY Seun YAHUSHA ‘n begin! Hoekom sê YAHUSHA: “Ek gaan na My VADER” as Hy dan die VADER is? As Dienaar van VADER kan YAHUSHA enigiets doen omrede Hy doen wat VADER behaag soos bv: genesings, duiwel uitdrywing of vergewing van wetsoortreding. Dit alles kom van VADER deur YAHUSHA. YAHUSHA het reeds volle toestemming by VADER gekry, want YAHUSHA sê bv: Jou oortreding is vergewe, “nie Ek vergewe jou oortreding nie”! Matt.9:6; Mark.2:5

Duidelik lees ons van Twee Wesens wat ‘n eenheid het, maar tog aparte Wesens is. Kom ons vra ‘n klompie vrae om die VADER en Seun as aparte Wesens uit te wys.
Die geleerde leer dat die eenheid: Een liggaam drie persone is wat dus ook drie liggame van een persoon is; Een Liggaam huisves Vader, Seun en Gees wat een persoon is (*Drie mense bestuur een kar of drie karre word bestuur deur een mens*).

Kom ons kyk na die biologiese bloedlyn:
Adam het geen aards vader nie en tog die seun van VADER genoem in Luk.3:38. So het YAHUSHA geen aards vader nie tog die Seun van VADER Joh.1:34. Adam die eerste geskepte mens op aarde en YAHUSHA die eerste geborene op aarde, waarvan beide geen aards vader het nie. YAHUSHA word genoem “Seun van die mens” (*Wat Adam moet wees*) tog is Hy Seun van VADER Joh.3:13. YAHUSHA en Adam is dus Seuns van VADER waarvan Abraham soos Dawid ook ‘n seun is en so ook dat YAHUSHA die Seun van Dawid genoem word. Hoekom? Die uitwysing van die biologiese bloedlyn (*Rassisme op sy beste*). YAHUSHA sê: Ek is Koning oor daardie bloedlyn (*12 stamme*) ‘nie van alle volke nie’ Joh.17.

Kom ons kyk nou na stellings uit die Skrif dat VADER wel ‘n Seun het.

1) VADER genereer vir HOM ‘n Seun: Jes.43:10,11; Matt.3:17; 8:29; 12:50; 22:41 – 46; Mark.1:1; 14:61,62; Luk.1:32; 4:41; 22:29; Joh. 5;18; 10:36; 20:31; Hand.3:13; 2:36; 1 Joh.4:15; 5:20; 4:14,15; 2 Joh. 3

2) VADER is die Hoof van die Seun? Joh.5:30; 8:42,54; 18:11; 14:28; Luk.1:31,32

3)VADER en Seun as Aparte Wesens aangespreek: Ps.110:1,4; Matt.11:27; Mark.14:61,62; 15: 39; Joh. 1:1; 14:1-9; 16:15; 17:3; 17:1-3; Hand. 2:4; 3:13,24,26; 1 Pet. 1:1-3; 2 Joh. 3,9; Open.20:6; 22:3

4) VADER het afsonderlik met SY Seun gepraat: Matt.3:17; 17:5; Joh. 12:50; Matt 27: 46; Luk. 22:41,42; Joh.; 11:22

5) Die Seun ontvang die Koninkryk by VADER: Dan.2:44; 7:13,14; Amos.9:11,12; Hand.1:6,7; Open. 22:3

6) Die Seun ontvang by VADER: Joh. 5:36; 6:37; 16:15; Dan 7:13.

7) Die Seun word gestuur weg van VADER: Joh. 5:24,30,37; 6:44,57; 7:16-18,29; 8:16,18,29; 12:49; 14:18,24; 20:21; 1 Joh. 4:14

8) Die Seun ontvang ‘n erfdeel by VADER: Deut.9:26,29; 32:9; 1Sam.101; 2Sam.20:19; 1Kon.8:51,53; Ps.28:9; 33:12; 78:71; 94:5,14; Jes.47:6; Mig.7:18; Matt.21:38; Mark.12:7; Luk.20:14

9) Die Seun is deur VADER opgewek: Hand.2:24,32; 3:15; 4:10; 5:29-32

10) Die Seun sit aan die regterhand van ons VADER: Matt. 20:23; 26:64; Hand.7:55,56; 1 Pet. 3:22; Open. 22:3

11) Die Seun is gesalf deur VADER: Ps.45:8; Jes.8:13,14; 45:23; Hos.2:19; Joh. 1:42; Mark. 8:29; Luk.2:11; Hand.10:38; 1 Pet. 1:10,11; 1Joh.5:1;

12) VADER praat met die Seun uit die hemele: Matt. 3:17; 5:16,45,48; 6:1,9; 17:5; Mark. 9:7; Luk. 3:22; Joh.12:27-30; 14:16; 17:1,5,24

13) VADER leer die Seun: Matt.24:36; Mark. 13:32; Joh.8:28,40; 14: 31; Hand. 1:7,8

14) Die Seun kom en gaan na VADER: Joh. 8:42; 10:26; 16:15; 17:18. Joh.3:13; 6:62

15) Die Seun is die Lam: Ex.32:32,33; Open.13:8; 15: 1 – 19; 17:14; 21:27

16) Die Seun as eerste skepping deur VADER berei Spr.8:22; Open.3:14

17) Die uitwysing na VADER se Seun in Jes.42:1 en wat Hy moes kom doen het. Matt.18-20; 14:22-33; 16:16; Mark.1:1,11; 3:35; Hand.4:27,30

18) Die Seun is die enigste Een oor ons Jes.45:5

19) Die Seun verskyn voor VADER Dan.7:13

20) Dat daar gebid moet word tot VADER in die hemele Matt. 6:9

21) Deur die Seun genees die VADER Matt. 9:2-8.

22) Die Seun wys uit dat VADER 'n volgende WESE is. Matt.10:29; 10:29,32,33; Mark. 10:18; 12:17,28-30; Luk. 18:19; Joh. 5:30; 14:10,28,

23) Die Seun wys uit dat VADER in die hemele is terwyl Hy op die aarde is. Matt.12:50; 19:17; 23:1,9; Joh. 17:11; 20:17

24) Die Seun weet nie wat VADER weet nie. Matt. 24:36; 26:39; 27: 46

25) Die Seun aanbid die VADER. Matt. 26:39

26) Die Seun weet nie al VADER se planne nie. Mark. 13:32; 14:36

27) Seun van VADER. Luk.1:32; 2:49; 23:41,46,47 ; Joh. 6:68,69; Hand. 8: 37

28) Niemand het die VADER gesien nie. Joh.1:18; 1Joh.4:12

29) VADER het SY Seun gegee Joh. 3:16; 7:16; 10:22-36

30) VADER getuig dat Hy 'n Seun het. Joh. 5:30,31,37

As jou antwoord deur eksegese dié Seun en VADER bo uitwys as twee aparte Wesens is ons met HULLE een – Joh. 5:26; 10:38; 14:10,11,23; 17:11,21,23; 1Joh. 2:24.

Kom ons kyk na VADER as individuele Wese.

Niemand het HOM ooit in vlees gesien of in werke gesien nie, behalwe SY Seun wat HOM verklaar en openbaar aan wie Hy wil: Jes.64:4; Matt.4:3,4; 23:9; Mark.12:24; Luk.1:31,32; 2:7-16; Spr.30:4; Dan.7:9,10,22; 1 Pet.1:3; Luk. 2:40,52; Joh. 1:18; 5:30,37,38; 6:46; 8:19,42,54,55; 14:7,28; 7:28; 17:3,25; 15:21; 16:3; 18:11; 1 Joh. 2:23; Open.19:12

Ons moet dus dié Seun (YAH) van VADER erken om tot VADER te kan bid. Ons moet leer soos die Apostels geleer het om te bid tot VADER. Ons moet ook weet dat die Seun langs VADER sit as Middelaar om voor VADER te kan verskyn, ander sal dood intree. Matt.6:9; 7:11; 22:44; 26:64; Joh. 14:12-16; 10:23-26.

As ons dié VADER en Seun nou kan erken, wat dan van die Rein Gees? Is die Rein Gees dan ‘n aparte persoon? Kom ons kyk waar die persoonlikheid van die Rein Gees sy geboorte gekry het.

Geloofsbelydenis van Nisea.

In die jaar 325 tydens die eerste ekumeniese konsilie is die Rein Gees vir die eerste keer as derde persoon verklaar. In die jaar 362 is die tweede ekumeniese konsilie te Konstantinopel gehou, terwyl nog later, in die jaar 381 nog ‘n konsilie gehou was. Hierdie geloofsbelydenis word Niceno - Constantinopolitanum genoem.

Geloofsbelydenis van Athanasius.

In die jaar 500 in Spanje word deur die Roomse kerk die belydenisskrifte aanvaar wat die drie-eenheid begrip gefinaliseer het waarby die Reine Gees die derde persoon is. Hierdie geloofsbelydenis word Symbolum Quicumque genoem.

Dus deur die mens is besluit dat daar ‘n derde Wese moet wees, want nêrens in die Skrif kan dit uitgewys word dat die Reine Gees ‘n persoonlikheid het nie. Die Gees word wel uitgewys in die Skrif nl.:

1) Die Gees is die krag van VADER. Joh.15:26; Hand.10:38; 14:16,26; 16:7; Luk.11:13

2) Die Gees van die Seun Matt.3:16; Jes.11:2; 42:1; Joh.1:32,33.

3) Die Gees in ons. Ps.51:12,13; Jes.59:21; Joël.2:28; Hos.6:3; Hand.2:32,33; Matt.10:20

Voor ek verder gaan, gaan ek die uitspraak van die Seun van VADER se Naam kortliks aanraak (*Ook ondersoeke van Revo Pienaar*).

Jah-sha dui die kern-begrip aan: *Yahh* wat “Ek is” ook Ewig-Lewende deur-gee. *Sha* is weer Lossing. Om die twee begrippe te verbind, kort 'n werkwoord of ten minste 'n deelwoord. In Hebreeus is die werkwoord vir *wees 'hayah'*. Die teenswoordige deelwoord wat van *'hayah'* afgelei word is *'hô'* wat dan as 'is' vertaal word. Omdat daar dan in die Hebreeus effektief drie h's langs mekaar is,val die derde terug na 'n keelklank, *ch* soos in chaos.

Gevolglik word die Meester se Naam as “JAH-CHÔ-SHA” uitgespreek, en die betekenis is dan inderdaad: *Yahh “is” Lossing!*
VADER se Seun ons Koning in die ou Verbond “ YAH” en in die nuwe Verbond as YAH – SHA of soos bo uit gewys as YAHUSHA. Tans gaan ek in beide Verbonde YAHUSHA gebruik om die Seun uit te wys.

As jy weet dat daar ‘n VADER en ‘n SEUN is en dat daar net dié Twee WESENS is wat met die mens te doen het, weet jy reeds baie. Dat daar ‘n Gees in elk van hulle is moet ons nou ondersoek sodat ons weet met watter Gees YAHUSHA of VADER HOMSELF vereenselwig. Nêrens in die ganse Skrif sal jy lees dat die Gees van VADER aanbid of mee gekommunikeer mag word nie. So het VADER of YAHUSHA nie eenmaal met die Afgesonderde Gees gepraat nie. Die gees in die Skrif word as “ruach” deurgegee. Ruach wat gees beteken, beteken ook wind of asem. Ruach kan ook die krag wees wat binne-in wind of asem is (*Krag van VADER*). As jy die Skrif bestudeer sal jy sien dat ruach uitgestort, gedeel, gestuur of weggeneem word. “Ruach ha qodesh” word gesê dat dit die Gees van VADER is en daarom moet ons dit ondersoek tot opbouing oor die saak rondom ons KONING.

Om die “ruach” eerstens aan te raak moet ons dit tot in aanskouing bring. Kom ons gaan na ‘n skrootwerf waar baie metale gehanteer word. In die skrootwerf gebruik hulle ‘n kraan met ‘n groot ronde magneet om metaal-voorwerpe op te tel en te skuif. Om die metaal op te tel of neer te gooi druk die bestuurder van die kraan ‘n knoppie of twee. M.a.w. deur krag wat na die metaal wiel gaan word aan en af geskakel. Daardie krag veroorsaak magnetisme in daardie wiel en daarbenewens met af en aanskakel van die krag kan dit voorwerpe optel en neersit. Magnetisme is dus ‘n onsienbare aantrekkingskrag wat nie materialisties of elektronies is nie.

“Ruach”wat in asem of wind teenwoordig is, is onsigbaar en nie-materialisties, tog kragvol. Ruach bring dus die siel in roering (*begerig*) en wek krag binne in jou op. M.a.w. ruach is die Krag binne in die “asem”.

Ons gaan oor na “Qodesh” Met ondersoeke na die misterieuse woord praat almal rondom die woord of so nie voeg hulle allerhande bywoorde by om ‘n ander betekenis te gee as wat dit werklik moet wees.

“Qodesh” beteken: Apartheid, Geheimenis, Afsonder of Afgesonderdheid. Om te sê dat “Ruach ha–qodesh” wat VADER se Gees beteken, is nie die volle waarheid nie.“Ruach ha–qodesh” behoort aan VADER en SEUN. “Ruach ha–qodesh” beteken dus VADER se Afgesonderde GEES of YAHUSHA se Afgesonderde GEES. Hoekom daar wel ‘n Geheimenis daaraan gekoppel word is omrede dit net aan SY Afgesonderde volk behoort. “Ha–qodesh” is ‘n rassisties woord en behoort net aan die uitverkore rasegte. Die “Ruach ha–qodesh” van YAHUSHA is in Adam geblaas. Nie net asem nie, maar Krag in die asem en so ook Apart en Afgesonderde Gees net aan Adam. Mal.2:15 wys wie Sy biologiese (*suiwer bloedlyn*) nageslag is.
Deur Ruach kan jy Luk.17:6 laat bewaarheid (*die boom in die see plant*).

Nou dat ons weet wat beide die woorde beteken kan ons oorgaan in waar en hoe om "Ruach ha qodesh" in te pas. Die Gees van "G*d" (*SKEPPER*) en die Gees van die "H*re" (*YAHUSHA*) lees ons oor die 200 keer in die Ou Verbond en 'n klompie verse in die nuwe. Die "GEES van ons SKEPPER" kom alreeds in Gen.1:2 voor waarvan die GEES regdeur die Skrif wel voorkom. As jy studie doen oor die GEES van ons SKEPPER sal jy sien dat die GEES gewoonlik "op of oor" die mens kom.

Die "GEES van YAHUSHA" in die Ou Verbond kom gewoonlik in die mens voor en wel hier en daar op of oor die mens. Die "Heilige" (*Afgesonderde*) Gees is 'n Nuwe Verbond term. Skrif studente sal natuurlik die verskil van GEES benaming toegee aan "Ou en Nuwe" verbond skrywers. Ou Verbond was Hebreeus / Aramees en die Nuwe Grieks. Ek kan nie saamstem nie, want die Romeine of die Grieke het hul eie gode aanbidding en so het die Yashar'EL hul eie. Elk van hulle het hul eie skrifte in hul eie taal gehad, waar die Jode wel die Yashar'EL Skrifte geassimileer het (*Wat hulle grotendeels reggekry het*). Met naslaan en ondersoek sal jy sien dat hulle die Griekse mitologie in die Skrifte wel ingewerk het. Dit eers daar gelaat.

Ons gaan voort met die Gees scenario:
Die "GEES van YAHUSHA" is GEES van Wysheid, Verstand, Raad, Sterkte, Goed, Kennis, Strafgerig, Uitdelging en Vrees en GEES van Guns. So kan ons ook sê van die GEES van VADER en die GEES van Afgesonderdheid is, maar die GEES van Afgesonderdheid het 'n besondere funksie of betekenis bygekry. YAHUSHA het dit duidelik gestel in Joh. 7:*39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Afgesonderde Gees was daar nog nie, <u>omdat YAHUSHA nog nie Lofwaardig was nie</u>.* Joh. 14:17 *die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.*

Nou kan ek sê dat VADER se geskepte welbehae GEES is "YAHUSHA". Dit is soos die boom van die Lewe. Die boom is nie die Lewe nie, maar behoort aan die Lewe. Die boom is 'n wese / boodskapper wat aan die Lewe behoort. Duidelik is dit twee verskillende Wesens waarvan die Lewe die besitter is van die boom. VADER besit ontelbare geeste wat boodskappers en gerubs insluit. VADER het vir YAHUSHA gegenereer (*geskep, laat voortkom*) as Eersteling, waarvan VADER, YAHUSHA oor SY Skepping gestel het (*onder andere oor al SY ander geeste*). Daarom kan ek sê YAHUSHA die HEERSER oor die geeste van VADER. YAH die Seun was in die geestelike realm [*wat ons nie kan sien en verstaan nie*] en het gekom as YAHUSHA. Hy het opgevaar om weer daardie lofwaardigheid te ontvang wat HY gehad het (Joh.17:5).

Nou kan ek ook sê dat die "AFGESONDERDE GEES" verteenwoordig YAHUSHA, hoekom? Joh.17:8 *Want die woorde wat U MY gegee het, het EK aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken <u>dat EK van U uitgegaan</u> het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.* Joh.17:9 *<u>Ek bid vir hulle</u>; <u>Ek bid nie vir die wêreld nie</u>, maar vir die wat <u>U My gegee het</u>, omdat hulle aan U behoort.* Matt.10:6; 15:24,26 ; 19:11,28; 25:32,34; Joh.17:8,9; Open.7:4.

Nou weet ons dat die groot verborgenheid van die "AFGESONDERDE GEES" YAHUSHA is. HY is die "AFGESONDERDE" vir die afgesonderdes. HY het SY GEES oor SY dissipels geblaas [Joh.20:22 *En nadat HY dit gesê het, blaas HY op hulle en sê vir hulle: Ontvang die AFGESONDERDE GEES*].

Met YAHUSHA ["Ruach ha–qodesh"] binne ons, is VADER met ons. Joh. 13:*20...ontvang MY; en wie MY ontvang, ontvang HOM wat MY gestuur het.* Ons moet besef dat YAHUSHA altyd VADER verhoog het, want Joh.13:16 sê: die EEN wat MY gestuur het is groter as EK.

V<u>ADER en SY SEUN [binne jou]</u>

1 Joh. 4:9 Hierin is die liefde van VADER tot ons geopenbaar, dat VADER SY eniggebore SEUN in die wêreld gestuur het, sodat ons deur HOM kan lewe. 4:6 Ons is uit VADER; hy wat VADER ken, luister na ons; 4:7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit VADER, en elkeen wat liefhet, is uit VADER gebore en ken VADER. 4:2 Hieraan ken julle die GEES van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié GESALFDE in die vlees gekom het, is uit VADER; 4:13 Hieraan weet ons dat ons in HOM bly en HY in ons, dat HY ons van SY GEES gegee het. 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die SEUN as LOSSER van die wêreld gestuur het. 4:12 Niemand het VADER ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword. 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos HY is, is ons ook in hierdie wêreld.

VADER is LIEFDE so ook SY GEES (YAHUSHA die geestelike HEERSER). Openbaring van SY liefde {was} is SY SEUN wat lewe skenk. Net biologiese seuns kan luister. Slegs die wat die SEUN bely is waardig om "van" VADER se GEES uit latentheid te laat ontwaak. Aanskoulik is die GEES van VADER, maar nie vir die wêreld nie; Tog is ons die spieëlbeeld van YAHUSHA vir VADER in hierdie wêreld. Ons as indiwidu staan voor VADER waarvan HY SY GEES in elk indiwidueel geplaas het met geboorte. Ek glo dat verskillend gawes en grote van SY GEES binne-in ons vrygelaat is. Die ontwaking en hulp moet van VADER kom om die latentheid van die mens te ontwaak.

Liefde wat in Joh. 15:10 uitgewys word, word baie misbruik nl.: "*As julle MY gebooie bewaar, sal julle in MY liefde bly, net soos EK die gebooie van MY VADER bewaar en in SY liefde bly"*. Die mens op aarde word deur Ha satan en sy magte verwar met woord en daarom moet daar altyd versugting intree veral as daar vreemde woorde intree wat nie in jou taal is nie soos Latyns, Grieks of Hebreeus.

Kom ons kyk na die woord "Agape". Agape is gekoppel aan liefde wat was en nie meer is nie. Hulle speel met "was en is" wat verleibarheid daar kan stel. Dit word gekoppel aan verlange aan een wat bv. dood is. Agape word gekoppel aan die eerste menslike rituele op aarde (*Wat tot nou in die jongste eeu steeds daar is*).

Sommige gelowe het Agape of Agapae gespel. Die woord Agapae /Agape was gekoppel aan musiek en 'n klomp vulgêrheid rondom die dooie. Die gebruiklike doel rondom Agape is om die mens wat na 'n afgestorwe se begrafnis kom gelukkig te maak. Deur musiek, dans en drank was dit 'n fees waarvan die dooie hom nou kan verbly. Die oorledene moet eers gesalf en gekroon word met rose. Ook moet die gaste (*besoekers*) gesalf word. Wyn en melk word rondom die graf gestort en kosse word gegee aan die lyk van die oorledene. Agape kan as 'n onsienlike gees aanbidding geklas word. Agape is 'n aangenome tradisie van die Grieke wat sê: Eet, drink en wees vrolik; Kyk na die dansers en luister na musiek, want die dooie self spreek (*Die Jode noem dit die broederlike fees*). Agape het sy ontstaan rondom Nimrod's era gehad wat onder die naam "marzeah" geken was. "Marzeah" het 'n verband met die antieke Kanaänitiese stad Ugarit (moderne Ras Shama) op die kus van Aram. Die "marzeah" se doelstelling was dat daar 'n eenheid in geloof moet wees en daarom die sodanige innerlike liefde "Agape" (*Een god, een taal en een geldstelsel vir almal "illuminati" wêreldheerskappy*). "Agape" wat eintlik 'n kultus is (*Wat die Christendom gesimuleer het van ander volke*) behoort nie by die uitverkore volk van YAHUSHA nie.

Om af te sluit oor "Agape". Nêrens in die skrif sal jy die naam "Agape" kry nie. Aan die Yashar'EL se kant was dood, waar die Liefde van YAHUSHA geopenbaar was "nie gesien as die einde van die mens nie", maar as die begin van 'n nuwe afgesonderdheid. Die maaltyd wat YAHUSHA as voorbeeld vir ons gelaat het op aarde kan ons duidelik hoor toe Hy gesê het: "Dit is MY bloed".... HY wys na die wat teenwoordig was (dissipels) en sê: "Julle is Myne", "Julle is MY Bloed", "Julle is MY Liggaam". Ander volke kan dus nie in YAH se stelling inval nie. Dus net vir Sy uitverkore lê daar 'n toekoms anderkant die dood.

Die dag toe jy gedoop was deur ‘n broer “in dié Naam van YAHUSHA” was jy innerlik rein en oopgemaak vir die verborge skat van die “Afgesonderde Gees”. Met handoplegging en gebed daarna word jy geseël en beskerm in die Naam van YAHUSHA. As dit VADER behaag sal jy dié REIN en Aparte GEES (*YAHUSHA*) ontvang soos in Hand.8:15-17, of wel in die 1000j van vrede.

Met die kennis van bo oor die VADER, Seun en Gees kan ons weer die Naam van ons Skepper aanhaal. VADER se NAAM is onbekend, maar tog sê dié Seun: “*Ek kom in die NAAM van My VADER*”. Moses wat die eerste was om die Seun se Naam aan te hoor in Ex.3:15 was: “Ek is”. Dus moet ons oplet wat daar werklik deur gegee was. “Ek is” lyk so **נא י** inderwaarheid wat Alef Nun Yud is in die Hebreeuse taal. Die Yud **י** letter is ‘n baie belangrike Alefbet letter wat die 10de letter van die Hebreeuse Alefbet is. Die Yud **י** letter word baie in die Hebreeuse taal gebruik om “ek” (*“I” en “Me” in Engels*) uit te wys. Die Yud **י** letter beteken: Toe hand, Arm/hand, Daad, Werk, Om te maak, Gooi en Dien. Die volgende letter is Nun **נ** wat Vis, Saad, Besig, Lewe, Gaan aan, Aanhoudend, Haar en Seun beteken. Die laaste letter Alef **א** beteken: Os of bul kop, Sterk, Krag, Mag, Leier en Eerste.
Om die “Ek is” Naam saam te bind in betekenisse van bo kan ons sê: Ek dien werk, skenk lewe, is sterkte en krag.

Die Skrif vertalers het inderwaarheid nie kennis gedra hoe om ons Koning se Naam te verklaar nie. Die ander interpretasie is dat daar net YH **יה** staan. YH **יה** moet tog ‘n ander betekenis hê waarvan daar baie interpretasies deurkom. Wat die vertalers gedoen het is om ‘n klinker in te voeg tussen die twee letters dus “YAH” heet. Die uitspraak van YAH is: “Jaaa” Die “YH” was aan Moses gegee as Naam vir die volk. Baie het toe daarvandaan name uit die Naam gemaak waarvan die okkultiese manne “YHWH” “YHVH” gebruik. Dan kry jy ook YHUH en YHOH. Met die uitwysing kan ons sien dat dit radikaal anders is wat ons veronderstel is om te skryf en uit te spreek. Die Naamwoord YHWH **יהוה** wat op alleman tong is moet inderwaarheid nie daar wees nie. Selfs **יהושע** wat hulle deurgee as YAHUSHA moet anders lyk.

My konklusie oor die Naam van ons Koning se uitspraak is “YAH”. Niks verder nie. YAH dié Seun van VADER was gestuur deur VADER as “SHA” wat ‘Losser’ beteken. M.a.w. YAH - U- SHA of YAH-ons-LOSSER. In die NAAM van VADER het die Seun Lofwaardigheid ontvang. Joh.12:38.

*Eseg. 13:21 Ek sal ook julle sluiers skeur en My volk uit julle hand red, sodat hulle nie meer ‘n buit in julle hand sal wees nie; en julle sal weet dat Ek “**YAH**” is* (6528 keer in die Skrifte is die naam H*re ingesit in **YAH** se plek).

Ons moet deur YAH-U-SHA Seun van VADER erken Deut.**6**:4,5;

Ter afsluiting moet ek noem dat dié Gees wat alom teenwoordig is aan die VADER behoort. Die "GEES" moet ook as dié LIG gesien word, en dat dit nie die Seun is nie, maar wel in die Seun is Joh.8:12. Die Gees / Lig wat alom teenwoordig is, is VADER. HY is bo in die Hemele en onder op die aarde. Hy is rondom jou en binne-in SY uitverkorene. YAHUSHA sê tog duidelik: waar Ek intrek, trek My VADER ook in. Niemand ken die VADER (*Gees / Lig*) nie; Niemand kan HOM sien nie; Niemand kan met HOM kommunikeer nie, want ons is te nietig en klein. Ons kan nie SY Grootheid verstaan nie. VADER is 'n verborgenheid vir baie. HY is aan ons "Sy uitverkore" geopenbaar deur YAHUSHA SY Seun. YAHUSHA het wel met VADER (*Daardie Gees wat baie sien as 'n aparte Gees*) gekommunikeer tot en met die foltering, daarom het Hy uitgeroep: "My VADER, My VADER" waarom het U My verlaat. Selfs YAHUSHA het nie geweet dat VADER Hom sou verlaat nie, net so in die plek Getsémané, daar het YAHUSHA vir VADER gevra as dit VADER se wil is, dat die beker Hom moes verbygaan. Menslik gesproke was YAHUSHA nie bewus van VADER se plan nie, want as dit andersom was "soos YAHUSHA wou" waar sou ons vandag gewees het?

YAHUSHA sê: "*Julle sal meer en groter dinge doen as Ek"* Joh.14:12. Al hoe dit kan wees in vandag se terme is deur die sosiale-media, Tv, selfone waar VADER dit self doen deur ons.

Nou kom die groot vraag nl.: Het ons in Suid Afrika al die uitstorting van die Reine Gees van VADER al ontvang ? Was daar indiwiduele ontvangste van die Gees? Ek dink definitief nie.

Wat staan ons te doen?
Bely en erken *Joh.17:8; 1Joh.4:2 Hieraan ken julle die Gees van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het, is uit VADER; :15 Elkeen wat bely dat YAHUSHA die Seun van VADER is, VADER bly in hom, en hy in VADER. Hand.8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van VADER en die Naam van YAHUSHA dié Gesalfde verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.*

As ons belydenis aflê kom 'bekering' wat beteken "om draai" en YAHUSHA te aanskou. Ons moet verootmoedig wat beteken dat ons moet terugkeer na die senterpunt. Wie is ons senterpunt? As ons as die uitverkore volk verstaan, erken en bely wat in die traktaat staan; sal Hy ons gebede verhoor.

Ek sluit met die hoop en begeerte dat jy sal verstaan dat ons Koning wat was, is en wat weer gaan kom "YAH-U-SHA" dié Seun van VADER is.

Bedink dit